*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB**
**ABROAD 30c BUITELANDS**
**POST FREE · POSVRY**

VOL. 168] CAPE TOWN, 1 JUNE 1979 [No. 6476
KAAPSTAD, 1 JUNIE 1979


DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1171. 1 June 1979.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 56 of 1979: Criminal Procedure Amendment Act, 1979.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1171. 1 Junie 1979.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 56 van 1979: Strafproseswysigingswet, 1979.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Criminal Procedure Act, 1977, to provide for the issuing of warrants for the further detention of certain persons; to make further provision for the designation of a court as a court of summary trial; to provide for the committal of accused to regional courts for trial; to include an accused released on bail or on warning in the category of accused who may be called upon to plead in a magistrate's court in a trial intended for a superior court; to extend the powers of attorneys-general with regard to a plea in a magistrate's court on a charge justiciable in a superior court; to provide for persons to plead in magistrates' courts on charges to be adjudicated in regional courts; to make it an offence for an accused released on warning to fail to appear at adjourned proceedings; to make further provision for the proof of certain facts by means of affidavits and for the admissibility of confessions and admissions; to increase the awards that regional courts and magistrates' courts may make by way of compensation for damage or loss caused by an offence; to extend certain bail provisions to bail pending review; to redefine "local authority" in Schedule 3; and to effect certain textual alterations; and to provide for incidental matters.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 21 May 1979.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 50 of Act 51 of 1977.

**1.** Section 50 of the Criminal Procedure Act, 1977 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the addition of the following paragraph to the proviso to subsection (1):

"*(d)* or will expire at, or if the time at which such period is deemed to expire under paragraph *(a)*, *(b)* or *(c)* is or will be, a time when the arrested person cannot, because of his physical illness or other physical condition, be brought before a lower court for the purposes of an order for his further detention, the court before which he would, but for the illness or other condition, have been brought for the purposes of such an order, may, upon the application of the prosecutor, which, if not made before the expiration of the period of forty-eight hours, may be made at any time before, or on, the next succeeding court day, and in which the circumstances

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Strafproseswet, 1977, om voorsiening te maak vir die uitreiking van lasbriewe vir die verdere aanhouding van sekere persone; om verdere voorsiening te maak vir die aanwysing van 'n hof as 'n hof van summiere verhoor; om voorsiening te maak vir die verwysing van beskuldigdes na streekhowe vir verhoor; om 'n beskuldigde wat op borgtog of waarskuwing vrygelaat is, in te sluit by die kategorie beskuldigdes wat aangesê kan word om in 'n landdroshof te pleit in 'n verhoor wat vir 'n hoër hof bestem is; om die bevoegdhede van prokureurs-generaal uit te brei met betrekking tot 'n pleit in 'n landdroshof op 'n aanklag beregbaar in 'n hoër hof; om voorsiening te maak dat persone in landdroshowe pleit op aanklagte wat in streekhowe bereg moet word; om dit 'n misdryf te maak vir 'n beskuldigde wat op waarskuwing vrygelaat is, om te versuim om by verdaagde verrigtinge te verskyn; om verdere voorsiening te maak vir die bewys van sekere feite deur middel van beëdigde verklarings en vir die toelaatbaarheid van bekentenisse en erkennings; om die toekennings te verhoog wat streekhowe en landdroshowe kan doen by wyse van vergoeding vir skade of verlies deur 'n misdryf veroorsaak; om sekere borgbepalings uit te brei na borg hangende hersiening; om „plaaslike owerheid" in Bylae 3 te heromskryf; en om sekere tekstuele veranderings aan te bring; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 21 Mei 1979.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 50 van Wet 51 van 1977.

**1.** Artikel 50 van die Strafproseswet, 1977 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) te voeg:

„*(d)* of sal verstryk op 'n tydstip, of as die tydstip waarop bedoelde tydperk ingevolge paragraaf *(a)*, *(b)* of *(c)* geag word te verstryk 'n tydstip is of sal wees, waarop die gearresteerde persoon vanweë sy fisiese ongesteldheid of ander fisiese toestand nie voor 'n laer hof vir die doeleindes van 'n bevel vir sy verdere aanhouding gebring kan word nie, die hof voor wie hy vir die doeleindes van so 'n bevel gebring sou gewees het as dit nie vir die ongesteldheid of ander toestand was nie, op die aansoek van die aanklaer wat, indien dit nie voor die verstryking van die tydperk van agt-en-veertig uur gedoen word nie, te eniger tyd voor, of op, die eersvolgende hofdag gedoen kan word, en waarin die omstandighede betreffende die ongesteldheid of ander

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



relating to the illness or other condition are set out, supported by a certificate of a medical practitioner, order that the arrested person be detained at a place specified by the court and for such period as the court may deem necessary so that he may recuperate and be brought before the court for the purpose of an order for his further detention for the purposes of his trial.".

Amendment of section 60 of Act 51 of 1977.

**2.** Section 60 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the expression "paragraph *(a)*" of the expression "subsection (1)".

Substitution of section 75 of Act 51 of 1977.

**3.** The following section is hereby substituted for section 75 of the principal Act:

"Summary trial and court of trial.

**75.** (1) When an accused is to be tried in a court in respect of an offence, he shall, subject to the provisions of sections 119, 122A and 123, be tried at a summary trial in—

*(a)* **[the]** a court **[having]** which has jurisdiction and in which he appeared for the first time in respect of such offence in accordance with any method referred to in section 38;

*(b)* a court which has jurisdiction and to which he was referred to under subsection (2); or

*(c)* any other court which has jurisdiction and which has been designated by the attorney-general for the purposes of such summary trial.

(2) If an accused **[is under section 50 brought before]** appears in a court which does not have jurisdiction to try the case, the accused shall at the request of the prosecutor be referred to a court having jurisdiction.".

Insertion of section 115A in Act 51 of 1977.

**4.** The principal Act is hereby amended by the insertion after section 115 of the following section:

"Committal of accused for trial by regional court.

**115A.** (1) Where an accused pleads not guilty in a magistrate's court, the court shall, subject to the provisions of section 115, at the request of the prosecutor made before any evidence is tendered, refer the accused for trial to a regional court having jurisdiction.

(2) The record of the proceedings in the magistrate's court shall upon proof thereof in the regional court be received by the regional court and form part of the record of that court.".

Amendment of section 119 of Act 51 of 1977.

**5.** The principal Act is hereby amended by the substitution for section 119 of the following section:

"Accused to plead in magistrate's court on instructions of attorney-general.

**119.** When an accused is brought before a magistrate's court under section 50 (1), including an accused released on bail under section 59 or on warning by a police official under section 72, and the alleged offence may be tried by a superior court only or is of such a nature or magnitude that it merits punishment in excess of the jurisdiction of a magistrate's court, the prosecutor may, notwithstanding the provisions of section 75, on the instructions of the attorney-general, whether in general or in any particular case, put the charge to the accused in the magistrate's court, and the accused shall, subject to the provisions of sections 77 and 85, be required by the magistrate to plead to the charge forthwith.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



toestand uiteengesit word, gesteun deur 'n sertifikaat van 'n geneesheer, kan gelas dat die gearresteerde persoon aangehou word by 'n plek deur die hof aangedui en vir die tydperk wat die hof nodig ag sodat hy kan herstel en voor die hof gebring kan word vir die doeleindes van 'n bevel vir sy verdere aanhouding vir die doeleindes van sy verhoor.''.

Wysiging van artikel 60 van Wet 51 van 1977.

**2.** Artikel 60 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die uitdrukking „paragraaf *(a)*'' deur die uitdrukking „subartikel (1)'' te vervang.

Vervanging van artikel 75 van Wet 51 van 1977.

**3.** Artikel 75 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Summiere verhoor en hof van verhoor.

**75.** (1) Wanneer 'n beskuldigde ten opsigte van 'n misdryf in 'n hof verhoor staan te word, word hy, behoudens die bepalings van artikels 119, 122A en 123, by wyse van 'n summiere verhoor in—

*(a)* **[die]** 'n hof verhoor wat regsbevoegdheid het en waarin hy vir die eerste keer ten opsigte van daardie misdryf ooreenkomstig 'n metode bedoel in artikel 38 verskyn het;

*(b)* 'n hof verhoor wat regsbevoegdheid het en waarna hy ingevolge subartikel (2) verwys is; of

*(c)* enige ander hof verhoor wat regsbevoegdheid het en wat vir die doeleindes van sodanige summiere verhoor deur die prokureur-generaal aangewys is.

(2) Indien 'n beskuldigde **[ingevolge artikel 50 voor]** in 'n hof **[gebring word]** verskyn wat nie regsbevoegdheid het om die saak te verhoor nie, word die beskuldigde op versoek van die aanklaer na 'n hof verwys wat regsbevoegdheid het.''.

Invoeging van artikel 115A in Wet 51 van 1977.

**4.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende artikel na artikel 115 in te voeg:

„Verwysing van beskuldigde vir verhoor deur streekhof.

**115A.** (1) Waar 'n beskuldigde in 'n landdroshof onskuldig pleit, moet die hof, behoudens die bepalings van artikel 115, op die versoek van die aanklaer wat gedoen word voordat enige getuienis aangebied word, die beskuldigde vir verhoor deur 'n streekhof met regsbevoegdheid verwys.

(2) Die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof word by bewys daarvan in die streekhof deur die streekhof ontvang en maak deel uit van die oorkonde van daardie hof.''.

Wysiging van artikel 119 van Wet 51 van 1977.

**5.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur artikel 119 deur die volgende artikel te vervang:

„Beskuldigde moet in opdrag van prokureur-generaal in landdroshof pleit.

**119.** Wanneer 'n beskuldigde ingevolge artikel 50 (1) voor 'n landdroshof gebring word, met inbegrip van 'n beskuldigde wat ingevolge artikel 59 op borgtog, of ingevolge artikel 72 deur 'n polisiebeampte op waarskuwing, vrygelaat is, en die beweerde misdryf slegs deur 'n hoër hof bereg kan word of van so 'n aard of omvang is dat dit straf regverdig wat die regsbevoegdheid van 'n landdroshof te bowe gaan, kan die aanklaer, ondanks die bepalings van artikel 75, in opdrag van die prokureur-generaal, hetsy in die algemeen of in 'n bepaalde geval, die aanklag in die landdroshof aan die beskuldigde stel, en word die beskuldigde, behoudens die bepalings van artikels 77 en 85, deur die landdros aangesê om onverwyld op die aanklag te pleit.''.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Amendment of section 121 of Act 51 of 1977.

**6.** Section 121 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) If the magistrate is satisfied as provided in subsection (2) *(a)*, he shall adjourn the proceedings pending the decision of the attorney-general, who may—

*(a)* arraign the accused for sentence before a superior court or any other court having jurisdiction, including the magistrate's court in which the proceedings were stopped under subsection (2) *(a)*;

*(b)* decline to arraign the accused for sentence before any court but arraign him for trial on any charge at a summary trial before a superior court or any other court having jurisdiction, including the magistrate's court in which the proceedings were stopped under subsection (2) *(a)*;

*(c)* institute a preparatory examination against the accused.".

Insertion of Chapter 19A and sections 122A, 122B, 122C and 122D in Act 51 of 1977.

**7.** The principal Act is hereby amended by the insertion immediately after section 122 of the following chapter and sections:

"CHAPTER 19A

PLEA IN MAGISTRATE'S COURT ON CHARGE TO BE ADJUDICATED IN REGIONAL COURT

Accused to plead in magistrate's court on charge to be tried in regional court.

**122A.** When an accused is brought before a magistrate's court under section 50 (1), including an accused released on bail under section 59 or on warning by a police official under section 72, and the alleged offence may be tried by a regional court but not by a magistrate's court or the prosecutor informs the court that he is of the opinion that the alleged offence is of such a nature or magnitude that it merits punishment in excess of the jurisdiction of a magistrate's court but not of the jurisdiction of a regional court, the prosecutor may, notwithstanding the provisions of section 75, put the relevant charge to the accused, who shall, subject to the provisions of sections 77 and 85, be required by the magistrate to plead to the charge forthwith.

Charge-sheet and proof of record.

**122B.** The provisions of section 120 shall *mutatis mutandis* apply with reference to the proceedings under section 122A and the record of the proceedings.

Plea of guilty.

**122C.** (1) Where an accused under section 122A pleads guilty to the offence charged, the presiding magistrate shall question him in terms of the provisions of paragraph *(b)* of section 112 (1).

(2) *(a)* If the magistrate is satisfied that the accused admits the allegations stated in the charge, he shall adjourn the case for sentence by the regional court concerned.

*(b)* If the magistrate is not satisfied as provided in paragraph *(a)*, he shall record in what respect he is not so satisfied and enter a plea of not guilty and deal with the matter in terms of section 122D (1): Provided that an allegation with reference to which the magistrate is so satisfied and which has been recorded as an admission, shall stand at the trial of the accused as proof of such allegation.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Wysiging van artikel 121 van Wet 51 van 1977.

**6.** Artikel 121 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Indien die landdros oortuig is soos in subartikel (2) *(a)* bepaal, verdaag hy die verrigtinge in afwagting van die beslissing van die prokureur-generaal, wat—

*(a)* die beskuldigde vir vonnis kan laat teregstaan voor 'n hoër hof of 'n ander hof wat regsbevoegdheid het, met inbegrip van die landdroshof waarin die verrigtinge ingevolge subartikel (2) *(a)* gestaak is;

*(b)* kan weier om die beskuldigde vir vonnis voor enige hof te laat teregstaan maar hom vir verhoor op enige aanklag by 'n summiere verhoor voor 'n hoër hof of 'n ander hof wat regsbevoegdheid het, met inbegrip van die landdroshof waarin die verrigtinge ingevolge subartikel (2) *(a)* gestaak is, kan laat teregstaan;

*(c)* 'n voorlopige ondersoek teen die beskuldigde kan instel.".

Invoeging van Hoofstuk 19A en artikels 122A, 122B, 122C en 122D in Wet 51 van 1977.

**7.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur die invoeging, onmiddellik na artikel 122, van die volgende hoofstuk en artikels:

## „HOOFSTUK 19A

### PLEIT IN LANDDROSHOF OP AANKLAG IN STREEKHOF BEREG TE WORD

Beskuldigde moet in landdroshof pleit op aanklag wat in streekhof bereg moet word.

**122A.** Wanneer 'n beskuldigde ingevolge artikel 50 (1) voor 'n landdroshof gebring word, met inbegrip van 'n beskuldigde wat ingevolge artikel 59 op borgtog, of ingevolge artikel 72 deur 'n polisiebeampte op waarskuwing, vrygelaat is, en die beweerde misdryf deur 'n streekhof bereg kan word maar nie deur 'n landdroshof nie of die aanklaer die hof meedeel dat hy van oordeel is dat die beweerde misdryf van so 'n aard of omvang is dat dit straf regverdig wat die regsbevoegdheid van 'n landdroshof te bowe gaan maar nie die regsbevoegdheid van 'n streekhof nie, kan die aanklaer, ondanks die bepalings van artikel 75, die betrokke aanklag aan die beskuldigde stel, wat, behoudens die bepalings van artikels 77 en 85, deur die landdros aangesê word om onverwyld op die aanklag te pleit.

Klagstaat en bewys van oorkonde.

**122B.** Die bepalings van artikel 120 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die verrigtinge ingevolge artikel 122A en die oorkonde van die verrigtinge.

Pleit van skuldig.

**122C.** (1) Waar 'n beskuldigde ingevolge artikel 122A aan die ten laste gelegde misdryf skuldig pleit, ondervra die voorsittende landdros hom ooreenkomstig die bepalings van paragraaf *(b)* van artikel 112 (1).

(2) *(a)* Indien die landdros oortuig is dat die beskuldigde die bewerings erken wat in die aanklag vermeld is, verdaag hy die saak vir vonnis deur die betrokke streekhof.

*(b)* Indien die landdros nie oortuig is soos in paragraaf *(a)* bepaal nie, notuleer hy in watter opsig hy nie aldus oortuig is nie en teken hy 'n pleit van onskuldig aan en handel hy met die geval ooreenkomstig artikel 122D (1): Met dien verstande dat 'n bewering met betrekking waartoe die landdros aldus oortuig is en wat as 'n erkenning genotuleer is, by die verhoor van die beskuldigde as bewys van so 'n bewering bly staan.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(3) *(a)* The record of the proceedings in the magistrate's court shall, upon proof thereof in the regional court in which the accused is arraigned for sentence, be received as part of the record of that court against the accused, and the plea of guilty and any admission by the accused shall stand and form part of the record of that court unless the accused satisfies the court that such plea or such admission was incorrectly recorded.

*(b)* Unless the accused satisfies the court that the plea of guilty or an admission was incorrectly recorded or unless the court is not satisfied that the accused is guilty of the offence to which he has pleaded guilty or that the accused has no valid defence to the charge, the court may convict the accused on his plea of guilty of the offence to which he has pleaded guilty, and impose any competent sentence.

(4) If the accused satisfies the court that the plea of guilty or an admission which is material to his guilt was incorrectly recorded, or if the court is not satisfied that the accused is guilty of the offence to which he has pleaded guilty or that the accused has no valid defence to the charge, the court shall record a plea of not guilty and proceed with the trial as a summary trial in that court: Provided that an admission by the accused the recording of which is not disputed by the accused, shall stand as proof of the fact thus admitted.

(5) Nothing in this section shall prevent the prosecutor from presenting evidence on any aspect of the charge, or the court from hearing evidence, including evidence or a statement by or on behalf of the accused, with regard to sentence, or from questioning the accused on any aspect of the case for the purpose of determining an appropriate sentence.

Plea of not guilty.

**122D.** (1) Where an accused under section 122A pleads not guilty to the offence charged, the court shall act in terms of section 115 and when that section has been complied with, the magistrate shall commit the accused for a summary trial in the regional court concerned on the charge to which he has pleaded not guilty or on the charge in respect of which a plea of not guilty has been entered under section 122C (2) *(b)*.

(2) The regional court may try the accused on the charge in respect of which he has been committed for a summary trial under subsection (1) or on any other or further charge which the prosecutor may prefer against the accused and which the court is competent to try.

(3) The record of proceedings in the magistrate's court shall, upon proof thereof in the regional court in which the accused is arraigned for a summary trial, be received as part of the record of that court against the accused, and any admission by the accused shall stand at the trial of the accused as proof of such an admission.".

Amendment of section 123 of Act 51 of 1977.

**8.** Section 123 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(a)* for the expression "122 (1)" of the expression "121 (3) or 122 (1)".

Amendment of section 124 of Act 51 of 1977.

**9.** Section 124 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(a)* for the expression "122 (1)" of the expression "121 (1) or 122 (1)".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) *(a)* Die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof word by bewys daarvan in die streekhof waarin die beskuldigde vir vonnis teregstaan, ontvang as deel van die oorkonde van daardie hof teen die beskuldigde, en die pleit van skuldig en 'n erkenning deur die beskuldigde bly staan en maak deel uit van die oorkonde van daardie hof tensy die beskuldigde die hof oortuig dat so 'n pleit of so 'n erkenning verkeerdelik genotuleer is.

*(b)* Tensy die beskuldigde die hof oortuig dat die pleit van skuldig of 'n erkenning verkeerdelik genotuleer is of tensy die hof nie oortuig is nie dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het of dat die beskuldigde geen geldige verdediging op die aanklag het nie, kan die hof die beskuldigde op sy pleit van skuldig skuldig bevind aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het, en 'n geoorloofde vonnis oplê.

(4) Indien die beskuldigde die hof oortuig dat die pleit van skuldig of 'n erkenning wat vir sy skuld wesenlik is, verkeerdelik genotuleer is, of as die hof nie oortuig is nie dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het of dat die beskuldigde geen geldige verdediging op die aanklag het nie, teken die hof 'n pleit van onskuldig aan en gaan hy met die verhoor voort as 'n summiere verhoor in daardie hof: Met dien verstande dat 'n erkenning deur die beskuldigde waarvan die notulering nie deur die beskuldigde betwis word nie, as bewys van die aldus erkende feit bly staan.

(5) Geen bepaling van hierdie artikel verhinder die aanklaer om getuienis oor enige aspek van die aanklag voor te lê, of die hof om getuienis aan te hoor, met inbegrip van getuienis of 'n verklaring deur of ten behoewe van die beskuldigde, ten opsigte van vonnis, of om die beskuldigde oor enige aspek van die saak vir die doeleindes van die bepaling van 'n paslike vonnis te ondervra nie.

Pleit van onskuldig.

**122D.** (1) Waar 'n beskuldigde ingevolge artikel 122A aan die ten laste gelegde misdryf onskuldig pleit, tree die hof ingevolge artikel 115 op en wanneer aan daardie artikel voldoen is, verwys die landdros die beskuldigde vir 'n summiere verhoor na die betrokke streekhof op die aanklag waarop hy onskuldig gepleit het of op die aanklag ten opsigte waarvan 'n pleit van onskuldig kragtens artikel 122C (2) *(b)* aangeteken is.

(2) Die streekhof kan die beskuldigde verhoor op die aanklag ten opsigte waarvan hy vir 'n summiere verhoor kragtens subartikel (1) verwys is of op enige ander of verdere aanklag wat die aanklaer teen die beskuldigde mag inbring en wat die hof bevoeg is om te verhoor.

(3) Die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof word by bewys daarvan in die streekhof waarin die beskuldigde vir 'n summiere verhoor teregstaan, ontvang as deel van die oorkonde van daardie hof teen die beskuldigde, en enige erkenning deur die beskuldigde bly staan by die verhoor van die beskuldigde as bewys van so 'n erkenning.".

Wysiging van artikel 123 van Wet 51 van 1977.

**8.** Artikel 123 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(a)* die uitdrukking „122 (1)" deur die uitdrukking „121 (3) of 122 (1)" te vervang.

Wysiging van artikel 124 van Wet 51 van 1977.

**9.** Artikel 124 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(a)* die uitdrukking „122 (1)" deur die uitdrukking „121 (1) of 122 (1)" te vervang.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Amendment of section 144 of Act 51 of 1977.

**10.** Section 144 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Where an attorney-general arraigns an accused

**[*(a)* under section 75 or 122 (2) (i) for a summary trial by a superior court;**

***(b)* under section 121 (4) for sentence by a superior court; or**

***(c)* under section 139]** for sentence or trial by a superior court, the charge shall be contained in a document called an indictment, which shall be framed in the name of the attorney-general."; and

*(b)* by the substitution in subsection (3) *(a)* for the expression "75 or 122 (2) (i)" of the expression "75, 121 (3) *(b)* or 122 (2) (i)".

Amendment of section 170 of Act 51 of 1977.

**11.** Section 170 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) An accused at criminal proceedings who is not in custody and who has not been released on bail **[or on warning]**, and who fails to appear at the place and on the date and at the time to which such proceedings may be adjourned, shall be guilty of an offence and liable to the punishment prescribed under subsection (2).".

Amendment of section 212 of Act 51 of 1977.

**12.** Section 212 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Whenever in criminal proceedings the question arises whether any matter has been registered under any law or whether any fact or transaction has been recorded thereunder or whether anything connected therewith has been done thereunder, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is the person upon whom the law in question confers the power or imposes the duty to register such matter or to record such fact or transaction or to do such thing connected therewith and that he has registered the matter in question or that he has recorded the fact or transaction in question or that he has done the thing connected therewith or that he has satisfied himself that the matter in question was registered or that the fact or transaction in question was recorded or that the thing connected therewith was done, shall, upon its mere production at such proceedings, be *prima facie* proof that such matter was registered or, as the case may be, that such fact or transaction was recorded or that the thing connected therewith was done.".

Amendment of section 217 of Act 51 of 1977.

**13.** Section 217 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subparagraph (i) of paragraph *(b)* of subsection (1) of the following subparagraph:

"(i) be admissible in evidence against such person if it appears from the document in which the confession is contained that the confession was made by a person whose name corresponds to that of such person and, in the case of a confession made to a magistrate or confirmed in the presence of a magistrate through an interpreter, if a certificate by the interpreter appears on such document to the effect that he interpreted truly and correctly and to the best of his ability with regard to the contents of the confession and any question put to such person by the magistrate; and".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Wysiging van artikel 144 van Wet 51 van 1977.

**10.** Artikel 144 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Waar 'n prokureur-generaal 'n beskuldigde laat teregstaan

**[***(a)* **ingevolge artikel 75 of 122 (2) (i) vir 'n summiere verhoor deur 'n hoër hof;**

***(b)*** **ingevolge artikel 121 (4) vir vonnis deur 'n hoër hof; of**

*(c)* **ingevolge artikel 139]** vir vonnis of verhoor deur 'n hoër hof, word die aanklag in 'n dokument vervat wat 'n akte van beskuldiging heet en wat in die naam van die prokureur-generaal opgestel word."; en

*(b)* deur in subartikel 3 *(a)* die uitdrukking „75 of 122 (2) (i)" deur die uitdrukking „75, 121 (3) *(b)* of 122 (2) (i)" te vervang.

Wysiging van artikel 170 van Wet 51 van 1977.

**11.** Artikel 170 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Beskuldigde by strafregtelike verrigtinge wat nie in bewaring is nie en wat nie op borgtog **[of op waarskuwing]** vrygelaat is nie, en wat versuim om op die plek en op die datum en op die tyd te verskyn waartoe bedoelde verrigtinge verdaag word, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf by subartikel (2) voorgeskryf.".

Wysiging van artikel 212 van Wet 51 van 1977.

**12.** Artikel 212 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Wanneer die vraag in strafregtelike verrigtinge ontstaan of 'n aangeleentheid ingevolge 'n wet geregistreer is of dat 'n feit of transaksie daarkragtens aangeteken is of dat enigiets in verband daarmee daarkragtens gedoen is, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy die persoon is aan wie die betrokke wet die bevoegdheid verleen of die plig opdra om bedoelde aangeleentheid te registreer of om bedoelde feit of transaksie aan te teken of om bedoelde ding in verband daarmee te doen en dat hy die betrokke aangeleentheid geregistreer het of dat hy die betrokke feit of transaksie aangeteken het of dat hy die ding in verband daarmee gedoen het of dat hy hom vergewis het dat die betrokke aangeleentheid geregistreer is of dat die betrokke feit of transaksie aangeteken is of dat die ding in verband daarmee gedoen is, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys dat bedoelde aangeleentheid geregistreer is of, na gelang van die geval, dat bedoelde feit of transaksie aangeteken is of dat die ding in verband daarmee gedoen is.".

Wysiging van artikel 217 van Wet 51 van 1977.

**13.** Artikel 217 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subparagraaf (i) van paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

„(i) as getuienis teen so 'n persoon toelaatbaar is indien dit uit die dokument waarin die bekentenis vervat is, blyk dat die bekentenis gedoen is deur iemand wie se naam met dié van so 'n persoon ooreenstem en, in die geval van 'n bekentenis aan 'n landdros gedoen of in die aanwesigheid van 'n landdros bevestig deur middel van 'n tolk, indien 'n sertifikaat deur die tolk op bedoelde dokument verskyn met die strekking dat hy getrou en juis en na sy beste vermoë getolk het met betrekking tot die inhoud van die bekentenis en enige vraag deur die landdros aan so 'n persoon gestel; en".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





Insertion of section 219A in Act 51 of 1977.

**14.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 219:

"Admissibility of admission by accused.

**219A.** (1) Evidence of any admission made extra-judicially by any person in relation to the commission of an offence shall, if such admission does not constitute a confession of that offence and is proved to have been voluntarily made by that person, be admissible in evidence against him at criminal proceedings relating to that offence: Provided that where the admission is made to a magistrate and reduced to writing by him or is confirmed and reduced to writing in the presence of a magistrate, the admission shall, upon the mere production at the proceedings in question of the document in which the admission is contained—

*(a)* be admissible in evidence against such person if it appears from such document that the admission was made by a person whose name corresponds to that of such person and, in the case of an admission made to a magistrate or confirmed in the presence of a magistrate through an interpreter, if a certificate by the interpreter appears on such document to the effect that he interpreted truly and correctly and to the best of his ability with regard to the contents of the admission and any question put to such person by the magistrate; and

*(b)* be presumed, unless the contrary is proved, to have been voluntarily made by such person if it appears from the document in which the admission is contained that the admission was made voluntarily by such person.

(2) The prosecution may lead evidence in rebuttal of evidence adduced by an accused in rebuttal of the presumption under subsection (1).".

Amendment of section 296 of Act 51 of 1977.

**15.** Section 296 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection, while the existing section becomes subsection (1):

"(2) In applying the provisions of this section with reference to a Coloured person as defined in the Coloured Persons Rehabilitation Centres Law, 1971, of the Coloured Persons Representative Council of the Republic of South Africa (Law 1 of 1971), any reference to a provision of the Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971, shall be construed as a reference to a corresponding provision of the said Coloured Persons Rehabilitation Centres Law, 1971.".

Amendment of section 300 of Act 51 of 1977.

**16.** Section 300 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of the proviso to subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* a regional court or a magistrate's court shall not make any such award if the compensation applied for exceeds **[two]** ten thousand rand or one thousand five hundred rand, respectively;".

Amendment of section 307 of Act 51 of 1977.

**17.** Section 307 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) The provisions of sections 63, 64, 65, 66, 67 and 68 shall *mutatis mutandis* apply with reference to the granting of bail pending review.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*Invoeging van artikel 219A in Wet 51 van 1977.*

**14.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 219 ingevoeg:

*„Toelaatbaarheid van erkenning deur beskuldigde.*

„**219A.** (1) Getuienis van 'n erkenning buitegeregtelik gedoen deur iemand met betrekking tot die pleging van 'n misdryf is, indien so 'n erkenning nie 'n bekentenis van daardie misdryf uitmaak nie en bewys word ongedwonge deur daardie persoon gedoen te gewees het, by strafregtelike verrigtinge betreffende daardie misdryf teen hom as getuienis toelaatbaar: Met dien verstande dat waar die erkenning aan 'n landdros gedoen en deur hom op skrif gestel word, of in die aanwesigheid van 'n landdros bevestig en op skrif gestel word, die erkenning, by die blote voorlegging by die betrokke verrigtinge van die dokument waarin die erkenning vervat is—

*(a)* as getuienis teen so 'n persoon toelaatbaar is indien dit uit bedoelde dokument blyk dat die erkenning gedoen is deur iemand wie se naam met dié van so 'n persoon ooreenstem en, in die geval van 'n erkenning aan 'n landdros gedoen of in die aanwesigheid van 'n landdros bevestig deur middel van 'n tolk, indien 'n sertifikaat deur die tolk op bedoelde dokument verskyn met die strekking dat hy getrou en juis en na sy beste vermoë getolk het met betrekking tot die inhoud van die erkenning en enige vraag deur die landdros aan so 'n persoon gestel; en

*(b)* geag word, tensy die teendeel bewys word, ongedwonge deur so 'n persoon gemaak te gewees het indien dit uit die dokument waarin die erkenning vervat is, blyk dat die erkenning ongedwonge deur so 'n persoon gemaak is.

(2) Die vervolging kan getuienis voorlê ter weerlegging van getuienis wat 'n beskuldigde ter weerlegging van die vermoede in subartikel (1) aanvoer.".

*Wysiging van artikel 296 van Wet 51 van 1977.*

**15.** Artikel 296 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende subartikel terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

„(2) By die toepassing van die bepalings van hierdie artikel met betrekking tot 'n Kleurling soos omskryf in die Wet op Rehabilitasiesentrums vir Kleurlinge, 1971, van die Verteenwoordigende Kleurlingraad van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 1 van 1971), word 'n verwysing na 'n bepaling van die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971, uitgelê as 'n verwysing na 'n ooreenstemmende bepaling van bedoelde Wet op Rehabilitasiesentrums vir Kleurlinge, 1971.".

*Wysiging van artikel 300 van Wet 51 van 1977.*

**16.** Artikel 300 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* 'n streekhof of 'n landdroshof nie so 'n toekenning doen nie indien die vergoeding waarom aansoek gedoen word onderskeidelik **[tweeduisend]** tienduisend rand of **[duisend]** eenduisend vyfhonderd rand te bowe gaan;".

*Wysiging van artikel 307 van Wet 51 van 1977.*

**17.** Artikel 307 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

„(6) Die bepalings van artikels 63, 64, 65, 66, 67 en 68 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die toestaan van borgtog hangende hersiening.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Amendment of Schedule 3 to Act 51 of 1977.

**18.** Schedule 3 to the principal Act is hereby amended by the substitution for the words "a local authority referred to in section 341" of the words "any council, board or committee established in terms of any law for the management of the affairs of any division, city, town, borough, village or other similar community".

Short title.

**19.** This Act shall be called the Criminal Procedure Amendment Act, 1979.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Wysiging van Bylae 3 by Wet 51 van 1977.

**18.** Bylae 3 by die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „plaaslike owerheid in artikel 341 bedoel" deur die woorde „raad of komitee wat ooreenkomstig enige wetsbepaling vir die bestuur van die sake van enige afdeling, stad, dorp of ander soortgelyke gemeenskap ingestel is" te vervang.

Kort titel.

**19.** Hierdie Wet heet die Strafproseswysigingswet, 1979.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY.) LTD., CAPE TOWN—B2346/14 300.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS.) BPK., KAAPSTAD—B2346/14 300.